



SA VLEISMERINO GENETIESE VERSLAG

21 September 2026



 **SA** STAMBOEK
STUD BOOK
'n Storie met twee kante

MEV. N. NATASCHA PLANI

KKM : VRP



**CERTIFICATE
OF QUALITY**

Valid up to
October 2029

Algemene Inligting

Hierdie **Genetiese Verslag** van u kudde stel u in staat om die genetiese meriete en potensiaal van die diere in u kudde te bepaal. Diere se prestasie word beïnvloed deur twee faktore, naamlik die omgewing (bestuur) en genetika. Goeie voeding en bestuur sal diere se prestasie verbeter, maar 'n dier kan nie beter presteer as wat sy genetiese vermoë hom toelaat nie. Goeie prestasie as gevolg van die omgewing word ook nie oorgeërf na die volgende generasie nie. Dit is dus van kardinale belang om nie genetiese verbetering af te skeep nie. As gevolg van die interaksie tussen die omgewing en genetika is dit egter moeilik om te weet watter diere geneties meerderwaardig is. Gevolglik word teelwaardes (EBV = *Estimated Breeding Values*) beraam vir elke dier wat die genetiese vermoë van die dier aandui, asook die dier se waarde as ouer van die volgende generasie. Hiermee kan diere regverdig met mekaar vergelyk word **binne die ras**, selfs oor kuddes, jare en produksie stelsels. Resultate van hierdie verslag stel die teler in staat om die onderliggende genetika van die diere te identifiseer en te vergelyk.

Genetiese parameters

Genetiese parameters (oorerfbaarheid en korrelasies) word bereken op 'n rasbasis en word benodig vir die beraming van teelwaardes. Die **oorerfbaarheid** verwys na die gedeelte van die variasie van 'n eienskap in die ras wat deur oordraagbare genetika verklaar word. Die res van die variasie van 'n eienskap is as gevolg van omgewingseffekte en nie-oordraagbare genetika. Sommige eienskappe is geneties gekoppel aan mekaar wat beteken dat 'n verandering in een eienskap sal lei tot 'n verandering in 'n ander eienskap. Hierdie verhouding tussen eienskappe is **genetiese korrelasies** en kan voor- of nadelig wees.

Teelwaardes

Die beraming van teelwaardes (EBV) maak gebruik van prestasie-metings van die dier en alle verwantes, stamboom-inligting en genetiese parameters. Die diere se metings relatief tot die gemiddeld van die kontemporêre groep word gebruik. 'n **Kontemporêre groep** is 'n groep diere wat blootgestel was aan dieselfde fisiese en biologiese omstandighede, insluitend kudde, jaar, geslag en ouderdom. Nadat al hierdie faktore in ag geneem is, kan verskille tussen diere toegeskryf word aan 'n verskil in hul genetiese vermoë. Dit is die beginsel waarop genetiese analises berus.

Die EBV waarmee 'n dier gebore word, is gelyk aan die gemiddelde EBV van sy ouers, aangesien 'n dier die helfte van elke ouer se gene ontvang. Hierdie mid-ouerwaarde maak die aanname dat presies dieselfde helfte van die ouers se prestasie oorgedra word aan elke nageslag. In realiteit ontvang alle nageslag egter selde dieselfde helfte vanaf die ouers en is die mid-ouer waarde se akkuraatheid dus laag. Dit gee egter wel 'n aanduiding van die

gemiddelde genetiese vlak van die jong diertjie op grond van sy ouerinligting. Soos meer inligting beskikbaar word oor 'n dier (metings en metings vanaf nageslag en ander verwantes), word sy werklike genetiese vermoë al hoe akkurate beraam. Beraamde teelwaardes verander dus oor tyd soos meer inligting beskikbaar word.

EBVs van diere word gepubliseer saam met 'n **akkuraatheid (%)**, wat aandui hoeveel inligting beskikbaar was vir die beraming van die EBV en hoeveel vertroue 'n teler dus daaraan kan heg. Faktore wat 'n rol speel by die akkuraatheid van 'n EBV, is die oorerfbaarheid van die eienskap, die aantal verwantes wat gemeet is, die grootte van die kontemporêre groep wat betrokke is, die akkuraatheid van meting en die volledigheid van stamboom-inligting. Wanneer 'n akkuraatheid van 85% en meer bereik word, behoort die EBV nie meer betekenisvol te verander soos meer inligting in opvolgende genetiese ontledings ingesluit word nie.

Interpretasie van teelwaardes

EBVs word rondom 'n **basisjaar** (5 jaar terug) uitgedruk, wat beteken dat die gemiddelde dier gebore in die basisjaar se EBV gelykgestel word aan nul en alle ander diere in die ontleding se teelwaardes word dan relatief tot die gemiddelde dier uitgedruk. 'n Dier met 'n EBV van +1kg vir speengewig se genetiese potensiaal is dus 1kg hoër as die gemiddeld van die basisjaar. EBVs dui verder die genetiese potensiaal van diere **relatief tot mekaar** aan. Die werklike prestasie van 'n dier kan nie vanaf die EBV uitgewerk word nie, maar dit stel wel 'n teler in staat om te weet watter diere geneties 'n sterker bydrae tot die volgende generasie sal lewer. Die teelwaardes alleen is nie altyd maklik interpreteerbaar nie. Daarom word teelwaardes ook uitgedruk as teelwaarde-indekse. Die gemiddelde teelwaarde van die **aktiewe populasie** word gelyk gestel aan 100 en 'n standaardafwyking van 12 word gebruik. 'n Teelwaarde Indeks van 76 is dus 2 standaardafwykingseenhede onder die gemiddeld, terwyl 112 een standaardafwyking bokant die gemiddeld van die aktiewe diere van die populasie is. Let wel dat negatiewe teelwaardes egter gunstig is vir Interlam-Periode (ILP) en Ouderdom Eerste Lam (OEL) : korter ILP en jonger OEL EBVs dui op beter vrugbaarheid. Alle teelwaarde-indekse word egter uitgedruk op dieselfde manier, naamlik dat indekse bokant 100 gewens is, om sodoende maklik meerderwaardige diere vir alle eienskappe vinnig te kan identifiseer.

Die data gebruik in hierdie evaluasie is verkry vanaf LOGIX, soos deur telers verskaf. Alle pogings is aangewend om die inligting korrek aan te bied. SA Stamboek aanvaar geen verantwoordelikheid vir die gebruik en vertolking van inligting verskaf oor diere in hierdie publikasie nie.

Seleksie-Indekse

Dit is maklik om te selekteer op slegs een eienskap, maar in realiteit is dit nie die beste benadering nie. Seleksie vir een eienskap kan lei tot die verswakking van prestasie in 'n ander eienskap as gevolg van genetiese korrelasies. Verskillende eienskappe is belangrik, met sommige belangriker as ander. 'n Seleksie-indeks kombineer verskillende eienskappe en maak gebruik van ekonomiese gewigte om die verskil in belangrikheid in ag te neem. Eienskappe kan nie net bymekaar getel word nie aangesien dit in verskillende eenhede uitgedruk word, verskillende variasies toon en omdat negatiewe waardes soms voordelig is. Hierdie faktore word in ag geneem met die samestelling van 'n seleksie-indeks. 'n Algehele seleksie-indeks sluit al die ekonomies belangrike eienskappe in, terwyl ander indekse net op sekere eienskappe fokus om spesifieke teelddoelwitte aan te spreek. Die seleksie-indekse word op dieselfde basis uitgedruk as die teelwaarde-indekse, met ander woorde uitgedruk rondom 100, waar 100 die gemiddeld van die aktiewe populasie is, met 12 as standaardafwyking. 'n Indeks van 124 is dus 2 standaardafwykings bokant die aktiewe gemiddeld van die populasie, terwyl 'n indeks van 88 een standaardafwyking onder die gemiddeld van die aktiewe populasie is.

Drie seleksie-indekse word vir die SA Vleis Merino ras saamgestel, naamlik die Groei Indeks (GI), Ooi Indeks (OI) en die SA Vleis Merino Indeks (VMI). Die doel van hierdie indekse en die bydrae van die verskillende eienskappe tot die indekse word vervolgens bespreek.

Direkte Groei Indeks (GI)

Dit omvat die direkte groeivermoë van 'n dier tot en met na-speen ouderdom en is veral van belang vir boere wat self hulle diere afrond. Dit kan ook waardevol wees vir die seleksie van terminale vaders. In die geval van 'n terminale vader is die vrugbaarheid van die nageslag nie deel van die teelddoelwit nie. Die samestelling van die Direkte Groei Indeks is as volg :

$$GI = (0.89 * \text{Speen Direk}) + (0.11 * \text{Na-Speen Direk})$$

Ooi Indeks (OI)

Hierdie indeks sluit teelwaardes vir Maternale Speengewig, Getal Lammers Gespeen, Ouderdom 1ste Lamming en Interlam Periode in. Hierdie seleksie-indeks is veral belangrik vir die ontwikkeling van 'n moederlyn. Die samestelling van die Ooi Indeks is as volg :

$$OI = (0.25 * \text{OEL}) + (0.15 * \text{ILP}) + (0.2 * \text{Speen Mat}) + (0.4 * \text{Getal Lammers Gespeen})$$


SA Vleis Merino Indeks (VMI)

Hierdie indeks omvat al die eienskappe om te selekteer vir 'n gebalanseerde, winsgewende dier wat vrugbaar is en steeds goed produseer. Die VMI kan gebruik word om diere te selekteer met die genetiese potensiaal om swaarder te weeg by speen (beide as gevolg van die dier se eie potensiaal om te groei en moeders wat genoeg melk produseer) en na-speen, te lam op 'n jonger ouderdom, gereeld te lam en meerlinge te gee. Die VMI is veral belangrik vir volhoubaarheid van die kudde, dus om goeie vervangingsdiere mee te selekteer.

Die samestelling van die VMI is as volg :

$$VMI = (0.25 * \text{Speen Dir}) + (0.17 * \text{Speen Mat}) + (0.03 * \text{Na-Speen Dir}) + (0.30 * \text{Getal Lammers Gespeen}) + (0.16 * \text{Ouderdom 1ste Lamming}) + (0.09 * \text{Interlam Periode})$$

Skematies kan dit as volg verduidelik word :



Dit is baie belangrik om altyd ook na die eienskappe wat bydrae tot 'n indeks individueel te gaan kyk wanneer diere op grond van indekse geselekteer word. Dit gebeur soms dat 'n dier 'n goeie indeks ontvang omdat die dier besonderse goeie meriete vir 'n spesifieke eienskap het, terwyl van die ander eienskappe in die indeks moontlik op onaanvaarbare vlakke vir die spesifieke kudde se teelbeleid is en totaal oorskadu word deur die uitstekende meriete van die spesifieke eienskap. 'n Goeie werkswyse is om diere te rangskik op grond van die seleksie-indeks van belang en dan diere uit te skakel wat nie aan die teelbeleid voldoen ten opsigte van die individuele eienskappe nie. Gebruik altyd al die inligting wat beskikbaar is.

Genetiese Gemiddeldes

Genetiese Gemiddeldes van Diere

Gemiddeldes van alle aktiewe diere in die kudde en die ras.

Eienskap	Kudde			Ras		
	Alle	Ramme	Ooie	Alle	Ramme	Ooie
Teelwaardes vir Produksie Eienskappe						
Speengewig Direk	0.26	0.66	0.05	0.21	0.45	0.11
Speengewig Mat	0.49	0.60	0.43	-0.12	-0.04	-0.14
Naspeen Gewig	0.04	-0.19	0.16	0.22	0.67	0.04
Wol	0.10	0.06	0.12	0.03	0.06	0.02
Bouvorm	0.14	0.10	0.16	0.06	0.10	0.05
Teelwaardes vir Vrugbaarheid						
Ouderdom 1ste Lam	-1.43	-1.31	-1.49	0.13	0.23	0.08
Inter-lam Periode	-1.51	-0.31	-2.15	-0.74	-0.52	-0.83
Lammers Gespeen	-0.11	-2.03	0.91	0.25	0.55	0.13
TWW	0.15	-0.21	0.34	0.06	0.22	0.00
Seleksie Indeks						
SA Vleismerino Indeks	103	100	104	99	101	98
Groei Indeks (GI)	99	102	97	99	101	98
Ooi Indeks (OI)	104	98	107	99	101	99
Inteling						
Inteling (%)	4.90	5.36	4.66	5.29	5.37	5.25
Aantal Diere						
Aantal diere	26	9	17	37967	10735	27226

Gemiddelde Teelwaarde Indekse

Gemiddelde EBVi van alle aktiewe diere in die kudde, waar rasgemiddeld van aktiewe gemete diere van die ras = 100.

Eienskap	Kudde		
	Alle	Ramme	Ooie
Teelwaardes vir Produksie Eienskappe			
Speengewig Direk	99	103	97
Speengewig Mat	110	112	109
Naspeen Gewig	97	96	98
Wol	103	100	105
Bouvorm	103	100	104
Teelwaardes vir Vrugbaarheid			
Ouderdom 1ste Lam	102	102	103
Inter-lam Periode	102	100	104
Lammers Gespeen	98	90	102
TWW	100	96	102
Seleksie Indeks			
SA Vleismerino Indeks	103	100	104
Groei Indeks (GI)	99	102	97
Ooi Indeks (OI)	104	98	107
Inteling			
Inteling (%)	4.90	5.36	4.66
Aantal Diere			
Aantal diere	26	9	17

Inteling

- Inteling veroorsaak hoofsaaklik verlaagde vrugbaarheid en lammers wat moeiliker oorleef.
- Die effek van inteling kan reeds by sommige diere waargeneem word by vlakke so laag as 6.25%.
- Daar word dus sterk aanbeveel dat stamboominligting so korrek en volledig as moontlik gehou word, en dat 'n telingsprogram gebruik word om onverwante ramme uit te soek.
- Ontbrekende of foutiewe stamboominligting moet aangemeld word by SA Stamboek.
- Inteling is afhanklik van stamboominligting. 'n Algoritme word gebruik vir die berekening van inteling, wat 'n gemiddelde intelingskoëffisiënt toeken aan onbekende ouers, op grond van die generasie waaruit hulle kom. Diere met onbekende ouers het dus ook intelingskoëffisiënte, wat 'n meer akkurate weerspieëling van die inteling van u kudde en ras is.

Intelingsvlak van Spesifieke Parings


Diere met Ouers	:	25%
Volbroer x Volsuster	:	25%
Halfbroer x Halfsuster	:	12.5%
Gemeenskaplike grootouer	:	6.25%
Gemeenskaplike groot-grootouer	:	3.125%

Vlak en Tempo van Inteling

Jaar of Birth	Vlak* (%)	Tempo (% / jaar)
2016 - 2025	3.18	0.09
Aanbeveling :	< 6.25	< 0.1 - 0.2

*Van die laaste Geboortejaar

Inteling



Stamboom Inligting

	Aantal	%
Bekende vaders	26	100
Bekende moeders	26	100

Let wel: Indien stamboom inligting onvolledig is, word inteling onderskat.

Genetiese Vensters

Genetiese Koppeling van Kudde

(Gebaseer op jongste gemete generasie)


Vlak	Nr Koppelramme
Geen / None	0

'n Koppelram moet ten minste 20 gemete nageslag in u kudde en nog ten minste 20 gemete nageslag in ten minste een ander kudde hê.

Poog om ten minste 5 koppelramme oor 'n 5 jaar periode te gebruik vir sterk genetiese koppeling.

Alle diere in die Kudde

Aantal : 26




- SPd:** Speengewig Direk
- SPm:** Speengewig Maternaal
- NaSp:** Na-speen Gewig
- GLS:** Getal Lammers Gespeen
- TWW:** Totale Massa Gespeen (Total Weight Weaned)
- OEL:** Ouderdom by Eerste Lamming
- ILP:** Inter-lam Periode
- BOU:** Bouvorm Punt
- WOL:** Wol Punt
- GI:** Groei Indeks
- OI:** Ooi Indeks
- VMI:** SA Vleismerino Indeks


Die genetiese vensters verskaf 'n vinnige oorsig van die genetiese status van die kudde in vergelyking met die ras. Die waardes wat hier aangebied word, is die gemiddelde teelwaarde- en seleksie-indeks van al die aktiewe diere in die kudde, asook van die vaders en moeders van aktiewe diere, en ramme en ooie jonger as 2-jaar. 'n Indeks van 100 is gelyk aan die gemiddeld van die aktiewe gemete diere van die ras. As gevolg van die hoër seleksie-intensiteit van ramme (seleksie is strenger aangesien minder diere geselekteer word vir teling), is die verwagting dat die gemiddeldes van die ramme in die kudde beter is as dié van die ooie. Streef altyd daarna om ramme te selekteer wat die kudde sal verbeter. Teelwaarde-indeks vir OEL en ILP word so uitgedruk dat 'n indeks bo 100 steeds beter diere aandui, dus diere met 'n laer teelwaardes vir hierdie eienskappe.

Genetiese Vensters


Moeders gebruik in Kudde Aantal : 18




Vaders gebruik in Kudde Aantal : 10



Ooie Jonger as Twee Jaar Aantal : 9









Aantal :



Genetiese Tendense

Genetiese tendense word gebaseer op gemete diere wat self deur die betrokke teler geteel is.









■ Kudde — Ras

Vir OEL en ILP is kudde genetiese tendense onder ras gemiddeldes gewens.

Genetiese Tendense

Genetiese tendense word gebaseer op gemete diere wat self deur die betrokke teler geteel is.



■ Kudde — Ras

Genetiese Tendense

Genetiese Tendense van Ras

Geb. jr	Speengewig			Naspeen		GLS		TWW		OEL		ILP		BOU		WOL		VMI	Groei	Ooi
	Aantal	Dir	Mat	Aantal	EBV	Aantal	EBV	Aantal	EBV	Aantal	EBV	Aantal	EBV	Aantal	EBV	Aantal	EBV			
2014	19019	-0.76	-0.27	2253	-1.38	3664	-1.26	3594	-0.66	3910	-2.08	2840	-0.51	10272	-0.14	10276	-0.10	90.0	88.9	95.1
2015	18701	-0.67	-0.18	2160	-1.33	3626	-1.03	3567	-0.51	3878	-1.38	2854	0.10	9990	-0.13	9995	-0.09	90.9	89.9	95.5
2016	16838	-0.52	-0.17	1539	-0.74	3385	-0.78	3329	-0.44	3564	-1.58	2737	0.56	8928	-0.09	8932	-0.07	92.2	91.3	96.1
2017	15230	-0.36	-0.17	1555	-0.90	3292	-0.62	3215	-0.36	3443	-1.27	2675	0.18	8361	-0.07	8367	-0.05	93.6	93.0	96.8
2018	15203	-0.19	-0.09	1294	-0.81	3892	-0.32	3718	-0.24	3494	-1.34	2597	0.44	8472	-0.05	8493	-0.03	95.8	94.6	98.4
2019	15127	-0.08	-0.06	1401	0.10	3763	-0.18	3434	-0.16	3273	-0.25	2495	0.54	8425	-0.03	8427	-0.03	96.8	95.7	98.8
2020	14454	0.00	0.00	1470	0.00	3428	0.00	3294	0.00	3147	0.00	2357	0.00	7081	0.00	7102	0.00	97.8	96.6	99.5
2021	14806	0.09	-0.07	1219	0.26	3243	-0.01	3085	-0.02	3048	-0.67	2181	-0.37	6210	0.04	6211	0.02	98.7	97.4	100.2
2022	14489	0.18	-0.11	1028	0.59	2935	0.58	2846	0.12	2861	0.51	1606	0.19	6034	0.04	6036	0.01	99.1	98.3	100.1
2023	14527	0.32	-0.06	1139	0.65	2505	-0.08	2377	0.02	2546	-0.43	694	-0.52	5984	0.09	5995	0.04	99.7	99.6	99.9
2024	13643	0.37	-0.02	895	1.08	592	1.47	569	0.51	987	0.71	15	1.11	4860	0.10	4860	0.07	100.8	100.3	100.9
2025	11495	0.45	0.00	690	1.58					1	-1.18			2121	0.11	2121	0.07	101.5	101.1	101.2

Genetiese Tendense van Kudde

Geb. ir	Speengewig			Naspeen		GLS		TWW		OEL		ILP		BOU		WOL		VMI	Groei	Ooi
	Aantal	Dir	Mat	Aantal	EBV	Aantal	EBV	Aantal	EBV	Aantal	EBV	Aantal	EBV	Aantal	EBV	Aantal	EBV			
2023	12	0,70	0,56			1	-3,7	1	-0,92	1	14,00			1	0,20	1	0,02	97.3	103.0	93.7
2024	8	0,41	0,81															100.3	100.4	99.6
2025	7	0,97	0,34															99.4	105.7	95.1

Persentiele van Alle Aktiewe Diere

Teelwaardes									
Persentiel	Speen Direk	Speen Mat	Na-Speen	BOU	WOL	GLS	TWW	OEL	ILP
Gemid/Avg	0.21	-0.11	0.22	0.06	0.03	0.25	0.06	0.12	-0.74
SA/SD	1.27	0.69	2.19	0.20	0.16	2.77	1.03	-7.36	-5.38
MIN	-4.27	-3.57	-9.06	-0.95	-0.77	-11.30	-4.98	50.16	48.94
1%	-2.82	-2.05	-5.17	-0.36	-0.29	-5.70	-2.20	20.22	15.31
5%	-1.85	-1.33	-3.51	-0.24	-0.20	-4.00	-1.52	13.09	8.69
10%	-1.45	-0.98	-2.58	-0.18	-0.16	-3.00	-1.25	9.27	5.96
20%	-0.90	-0.66	-1.53	-0.11	-0.11	-1.90	-0.80	4.99	3.05
30%	-0.45	-0.43	-0.79	-0.05	-0.07	-1.20	-0.48	2.77	1.30
40%	-0.09	-0.24	-0.29	0.00	-0.02	-0.50	-0.20	1.12	-0.13
50%	0.25	-0.07	0.24	0.05	0.02	0.10	0.03	-0.16	-1.27
60%	0.56	0.08	0.76	0.10	0.06	0.60	0.28	-1.65	-2.48
70%	0.89	0.26	1.32	0.16	0.10	1.40	0.56	-3.19	-3.57
80%	1.28	0.45	1.96	0.22	0.15	2.30	0.89	-5.03	-4.83
90%	1.79	0.71	2.89	0.31	0.23	3.70	1.36	-7.99	-6.74
95%	2.22	0.94	3.75	0.39	0.30	5.10	1.81	-10.98	-8.57
99%	3.13	1.41	5.45	0.58	0.44	8.50	2.67	-17.92	-11.45
MAX	7.34	2.89	13.70	1.61	0.94	17.90	5.40	-59.11	-22.97

Indekse												
Persentiel	Speen Dir	Speen Mat	Na-Speen	GLS	BOU	WOL	TWW	OEL	ILP	GI	OI	VMI
Gemid/Avg	99	99	98	99	98	98	99	100	101	99	99	99
SA/SD	12	12	13	11	11	11	12	11	11	13	12	12
MIN	64	64	64	64	44	43	64	64	64	63	45	55
1%	69	65	67	75	76	77	73	68	66	68	74	72
5%	78	78	77	82	82	83	81	80	80	78	82	79
10%	82	84	82	86	86	85	84	86	86	82	86	83
20%	88	90	88	91	89	89	89	92	93	88	90	89
30%	92	94	93	93	93	92	93	96	96	92	94	93
40%	96	97	96	96	95	95	96	98	99	96	96	96
50%	99	100	99	99	98	98	99	100	102	99	99	99
60%	102	103	102	101	101	100	102	103	105	102	102	102
70%	105	106	105	104	104	103	105	105	107	105	105	105
80%	109	109	109	108	107	107	109	108	110	109	108	108
90%	114	114	114	114	112	112	114	113	114	114	114	114
95%	119	118	119	120	116	117	119	118	118	119	120	119
99%	127	126	129	134	127	127	129	128	124	128	131	129
MAX	136	136	136	136	161	161	136	136	136	137	153	154

Vaders Gebruik in Kudde



Gegenotypeer

*Inteling in rooi is hoog

EBV - Estimated Breeding Value
Beraamde Teelwaarde

Indekse >= 124
Bokant rasgemiddeld
Indeks <= 76

Akk: Akkuraatheid van die teelwaarde
Teelwaardes met 'n akkuraatheid onder 5% word nie gedruk nie

Indeks: Druk die teelwaarde uit om 100 waar 100 gestel is as die gemiddelde EBV van die aktiewe gemete diere in die ras

Dier Inligting		Ouers & Nageslag						Seleksie Indekse			Moeder		EBV - Gewigte			EBV - Vrugbaarheid				EBV - Keuring	
Dier ID Rekenaar nr	% In- teling	Vader ID Moeder ID	1ste generasie		2de generasie		VMI	Groei Indeks	Ooi Indeks	EPI	Kere gelam	Speengewig			GLS	TWW	OEL	ILP	BOU	WOL	
			Nageslag	Aantal	Nageslag	Aantal						Dir	Mat	Naspeen							
			gespeen	kuddes	gespeen	kuddes						EBV Akk Indeks	EBV Akk Indeks	EBV Akk Indeks	EBV Akk Indeks	EBV Akk Indeks	EBV Akk Indeks	EBV Akk Indeks	EBV Akk Indeks	EBV Akk Indeks	
Aktiewe rasgemiddeld:							100	100	100			0.21	-0.12	0.22	0.25	0.06	0.13	-0.74	0.06	0.03	
JAR 15 0198 75528000	3,42	JAR 13 0201 JAR 10 0351	25	1	8	1	95	102	94	98	5	0.50 80	0.52 68	1.46 50	-7.40 57	-2.08 61	-14.84 61	-5.24 45	0.57 77	0.44 72	
CS 16 0021 78937133	3,45	JS 11 0104 CS 14 0167	95	4	17	2	109	101	109	118	6	0.39 88	1.53 69	1.47 40	1.60 56	2.29 60	4.50 54	2.53 42	0.18 72	0.03 66	
NIP 16 0036 77723781	2,99	JS 12 0295 OF 08 0206	67	10	22	7	96	119	83	178	6	2.36 88	-1.05 75	1.48 43	-4.20 62	-1.40 66	-9.21 66	4.57 45	0.60 82	0.31 77	
KIN 18 0056 83026153	3,32	KIN 16 0037 KIN 14 0064	57	3	10	3	99	84	109	142	7	-1.18 85	0.83 63	-2.49 25	-0.30 46	0.54 51	-12.59 50	6.81 31	-0.36 77	-0.11 70	
KIN 18 0064 83026070	4,74	KIN 15 0073 KIN 11 0039	219	4	21	2	101	99	100	147	9	0.29 94	1.96 77	-0.10 76	-2.30 59	0.94 63	11.38 62	-5.37 41	0.04 87	0.40 82	
KIN 19 0024 86021144	8,36	KIN 15 0073 KIN 16 0019	59	2	8	2	93	121	74	112	5	2.67 84	0.49 60	0.76 24	-6.40 45	-1.54 49	11.84 44	-1.56 28	0.40 73	0.36 66	
KIN 20 0007 89794317	6,11	KIN 18 0008 KIN 15 0019	77	4	5	2	95	100	93	98	3	0.56 85	0.68 56	-2.15 34	-4.90 39	-1.38 43	-4.59 42	-2.05 29	0.02 65	0.03 59	
XK 20 0015 89604367	3,64	XK 18 0099 XK 17 0220	130	5	23	3	96	105	92	95	5	0.96 91	-0.16 71	-0.40 84	-3.00 51	-1.70 56	-8.63 59	4.32 36	0.43 80	0.13 74	
TOP 21 0332 93180396	4,96	TOP 20 0009 TOP 20 0099	102	3	16	2	126	123	120	173	6	2.42 89	-0.42 63	6.55 76	3.60 46	0.66 49	-18.11 56	1.95 32	0.38 84	0.09 78	
PR 22 0040 95672663	2,36	PR 17 0014 TOP 18 0191	63	2	1	1	99	63	124	113	7	-3.96 84	0.63 57	-6.25 58	5.30 45	0.94 48	-0.87 47	-5.32 33	-0.01 68	0.14 63	
Vaders Kuddegemiddeld: Aantal vaders gebruik in die kudde: 10							101	102	100			0.50	0.50	0.03	-1.80	-0.27	-4.11	0.06	0.22	0.18	



Ooie met Nageslag



Gegenotipeer

*Inteling in rooi is hoog

EBV - Estimated Breeding Value
Beraamde Teelwaarde

Indekse >= 124
Bokant rasgemiddeld
Indeks <= 76

Akk: Akkuraatheid van die teelwaarde
Teelwaardes met 'n akkuraatheid onder 5% word nie gedruk nie

Indeks: Druk die teelwaarde uit om 100 waar 100 gestel is as
die gemiddelde EBV van die aktiewe gemete diere in die ras

Dier Inligting					Seleksie Indekse			Lammings		EBV - Gewigte						EBV - Vrugbaarheid								EBV - Keuring				
	Dier ID Rek.nr	Vader ID Moeder ID			% In- teling	VMI	GI	OI	EPI	Kere Gelum	Speengewig						GLS		TWW		OEL		ILP		BOU		WOL	
											Dir	Mat		Naspeen														
		EBV Akk	Indeks	EBV Akk							Indeks	EBV Akk	Indeks	EBV Akk	Indeks	EBV Akk	Indeks	EBV Akk	Indeks	EBV Akk	Indeks	EBV Akk	Indeks	EBV Akk	Indeks	EBV Akk	Indeks	EBV Akk
	Aktiewe rasgemiddeld:					100	100	100			0.21	-0.12		0.22		0.25	0.06		0.13		-0.74		0.06	0.03				
1	JER 17 0151 79419347	JAR 15 0198 JAR 14 0499		3.68	99	93	106	123	6	-0.51 64	92	1.38 57	125	0.85 33	102	-5.70 46	75	-1.64 49	80	-12.44 42	120	-9.86 35	121	0.33 57	113	0.25 52	114	
2	KIN 19 0002 84203553	NIP 16 0036 JAR 15 0712		2.86	106	114	99	113	6	1.78 67	114	-0.34 60	95	2.24 31	110	-1.80 47	91	-0.21 50	96	-10.29 43	116	-1.01 33	101	0.45 57	120	0.22 52	111	
3	KIN 20 0052 91202648	KIN 18 0056 KIN 16 0057		10.23	94	79	107	110	4	-1.73 63	79	0.12 52	103	-3.60 18	76	1.10 36	103	0.06 40	99	-7.00 37	111	2.56 21	94	-0.21 53	84	-0.09 47	91	
4	KIN 22 0042 96550314	KIN 18 0064 JAR 17 0005		3.53	105	101	105	100	2	0.52 64	102	1.04 54	119	0.13 41	98	-0.60 40	96	0.70 43	106	1.55 41	98	-3.51 27	107	0.04 58	97	0.16 54	107	
5	VRP 23 0011 99253460	KIN 19 0024 JAR 17 0014		4.19	94	119	78	100	1	2.32 59	119	0.13 46	103	2.11 21	109	-3.70 36	83	-0.92 38	88	14.00 35	78	-0.50 25	100	0.21 47	106	0.17 44	108	
	Ooi Kuddegemiddeld Totale ooie in die kudde: 5					104	97	107			0.05	0.43		0.16		0.91	0.34		-1.49		-2.15		0.16	0.12				

Jong Ramme



Gegenotipeer

*Inteling in rooi is hoog

EBV - Estimated Breeding Value
Beraamde Teelwaarde

Indekse >= 124
Bokant rasgemiddeld
Indeks <= 76

Akk: Akkuraatheid van die teelwaarde
Teelwaardes met 'n akkuraatheid onder 5% word nie gedruk nie

Indeks: Druk die teelwaarde uit om 100 waar 100 gestel is as
die gemiddelde EBV van die aktiewe gemete diere in die ras

Dier Inligting				Seleksie Indekse			Moeder		EBV - Gewigte			EBV - Vrugbaarheid				EBV - Keuring							
	Dier ID Rek.nr	Vader Moeder	% In- teling	VMI	GI	OI	EPI	Kere gelam	Speengewig			GLS		TWW		OEL		ILP		BOU		WOL	
									Dir	Mat	Naspeen												
									EBV Akk	EBV Indeks	EBV Akk	EBV Indeks	EBV Akk	EBV Indeks	EBV Akk	EBV Indeks	EBV Akk	EBV Indeks	EBV Akk	EBV Indeks	EBV Akk	EBV Indeks	EBV Akk
	Aktiewe rasgemiddeld:			100	100	100			0.21	-0.12	0.22	0.25	0.06	0.13	-0.74	0.06	0.03						
1	VRP 23 0006 99253452	KIN 20 0007 JAR 17 0005	2.71	105	105	103	102	5	0.98 58	0.48 41	-0.48 22	-1.60 31	-0.3 34	-6.44 33	-1.86 23	0.07 45	-0.01 41						
2	VRP 23 0007 99215048	KIN 20 0007 KIN 20 0052	9.56	95	92	100	110	4	-0.34 58	0.36 39	-2.65 19	-1.90 27	-0.7 29	-5.80 28	0.26 18	-0.10 42	-0.03 38						
3	VRP 23 0008 99215055	KIN 20 0007 KIN 20 0052	9.56	94	89	100	110	4	-0.66 58	0.41 39	-2.94 19	-1.90 27	-0.7 29	-5.80 28	0.26 18	-0.10 42	-0.03 38						
4	VRP 23 0012 99253478	KIN 19 0024 JAR 17 0014	4.19	99	127	78	107	5	3.12 58	0.14 43	2.98 21	-3.70 33	-0.9 35	14.00 35	-0.50 25	0.21 47	0.17 44						
5	VRP 24 0001 106629249	KIN 20 0007 XK 17 0105	2.39	95	97	95	98	6	0.14 59	0.60 40	-0.79 33	-4.00 31	-1.4 34	-7.91 28	1.99 21	0.13 43	0.05 39						
6	VRP 24 0003 106629256	KIN 20 0007 XK 18 0027	8.78	88	99	86	97	6	0.35 59	0.29 41	-1.63 32	-6.10 31	-1.9 33	-2.97 29	-2.75 22	0.12 44	0.03 40						
7	VRP 24 0005 106629231	CS 16 0021 KIN 19 0002	3.60	111	115	104	113	6	1.84 60	0.49 46	2.56 25	-0.10 36	1.0 39	-2.90 35	0.76 27	0.31 46	0.12 42						
8	VRP 24 0006 106634348	CS 16 0021 KIN 22 0042	3.71	105	96	108	100	2	-0.04 59	1.35 44	0.34 29	0.50 34	1.5 37	3.02 34	-0.49 25	0.11 46	0.09 43						
9	VRP 24 0007 106634330	CS 16 0021 KIN 22 0042	3.71	108	102	107	100	2	0.55 59	1.27 44	0.89 29	0.50 34	1.5 37	3.02 34	-0.49 25	0.11 46	0.09 43						
	Ram Kuddegemiddeld: Aantal ramme in die kudde: 9			100	102	98			0.66	0.60	-0.19	-2.03	-0.21	-1.31	-0.31	0.10	0.06						

Jong Ooie



Gegenotipeer

*Inteling in rooi is hoog

EBV - Estimated Breeding Value
Beraamde Teelwaarde

Indekse >= 124
Bokant rasgemiddeld
Indeks <= 76

Akk: Akkuraatheid van die teelwaarde
Teelwaardes met 'n akkuraatheid onder 5% word nie gedruk nie

Indeks: Druk die teelwaarde uit om 100 waar 100 gestel is as die gemiddelde EBV van die aktiewe gemete diere in die ras

Dier Inligting							Seleksie Indekse			Moeder		EBV - Gewigte						EBV - Vrugbaarheid								EBV - Keuring				
	Dier ID Rek.nr			Vader Moeder			% In- teling	VMI	GI	OI	EPI	Kere Gelam	Speengewig						GLS		TWW		OEL		ILP		BOU		WOL	
													Dir		Mat		Naspeen													
													EBV Akk	EBV Indeks	EBV Akk	EBV Indeks	EBV Akk	EBV Indeks	EBV Akk	EBV Indeks	EBV Akk	EBV Indeks	EBV Akk	EBV Indeks	EBV Akk	EBV Indeks	EBV Akk	EBV Indeks	EBV Akk	EBV Indeks
	Aktiewe rasgemiddeld:						100	100	100			0.21	-0.12	0.22	0.25	0.06	0.13	-0.74	0.06	0.03										
1	VRP 23 0009 99253486	KIN 19 0024 KIN 16 0056	5.83	88	98	85	117	6	0.27 58	0.43 42	-0.80 19	-4.40 31	-1.29 34	6.45 29	-2.95 20	0.12 46	0.15 42													
2	VRP 23 0010 99253494	KIN 19 0024 KIN 16 0056	5.83	90	101	85	117	6	0.58 58	0.39 42	-0.51 19	-4.40 31	-1.29 34	6.45 29	-2.95 20	0.12 46	0.15 42													
3	VRP 24 0004 106629223	CS 16 0021 KIN 19 0002	3.60	107	106	105	113	6	0.90 60	0.62 46	1.68 25	-0.10 36	1.04 39	-2.90 35	0.76 27	0.31 46	0.12 42													
4	TOP 24 0243 107467334	PR 22 0040 TOP 23 0077	5.05	116	90	128	90	1	-0.65 57	0.43 39	-0.95 40	7.40 31	2.48 33	0.28 34	-5.35 22	0.07 52	0.02 47													
5	TOP 24 0272 107467094	PR 22 0040 TOP 23 0010	4.76	114	82	131	95	1	-1.56 58	0.11 40	-1.03 37	9.10 31	1.44 33	-1.17 34	-2.45 22	0.17 52	0.13 47													
6	TOP 24 0277 107467326	PR 22 0040 TOP 23 0076	5.05	119	91	131	112	2	-0.58 58	0.53 40	-0.61 40	8.10 31	2.76 34	0.46 34	-4.76 23	0.10 52	0.03 47													
7	TOP 24 0349 107467086	TOP 21 0332 TOP 23 0009	5.49	117	105	120	109	2	0.74 59	-0.22 42	2.59 44	4.90 32	0.97 34	-8.15 37	-0.71 24	0.14 56	0.11 51													
8	TOP 24 0350 107467078	TOP 21 0332 TOP 23 0009	5.49	118	107	119	109	2	0.97 59	-0.25 42	2.81 44	4.90 32	0.97 34	-8.15 37	-0.71 24	0.20 56	0.19 51													
9	TOP 24 0391 107466484	PR 22 0040 TOP 19 0064	3.78	105	78	123	170	8	-1.94 60	0.59 43	-1.96 41	4.60 34	0.48 37	-1.87 34	-5.90 24	0.17 53	0.22 48													
10	VRP 25 0001 112128202	XK 20 0015 JER 17 0151	4.14	94	90	100	123	6	-0.70 60	0.74 46	-0.64 45	-4.30 34	-1.67 37	-10.54 36	-2.77 25	0.38 49	0.19 45													
11	VRP 25 0005 112128244	CS 16 0021 VRP 23 0011	2.90	101	107	94	100	1	1.08 57	0.87 42	1.54 23	-1.00 33	0.69 35	9.25 32	1.02 24	0.19 43	0.10 40													
	Ooi Kuddegemiddeld Totale ooie in die kudde: 11						104	97	107			0.05	0.43	0.16	0.91	0.34	-1.49	-2.15	0.16	0.12										